

JAARVERSLAG 2011/12
POTEFEULJE: Nuwe lede / kommunikasie / skakeling
RAADSLID: Piet Grové

NUWE LEDE

Deur die loop van die jaar, het ek nuwe lede telefonies gekontak en in kontak geplaas met 'n klublid in sy/haar omgewing. Dit was vir my 'n voorreg om mense aan mekaar voor te stel en in kontak met mekaar te bring. Uit die aard van my werk, het dit my ook in staat gestel om meermale self besoek te bring aan nuwe lede. Lede wat nie gekontak is nie, was nie beskikbaar nie en/of het nie op boodskappe gereageer nie.

Waar moontlik, kon ek nuwe lede en telers bystaan met raad of sommer net verwelkom in die genootskap. Daar is egter baie slaggate waarin nuwe lede kan trap en dit lei tot verdere misverstande en probleme.

Slaggate vir nuwe lede

- Die aankoop van ongebrande perde met die belofte dat hulle wel gebrand sal word bly 'n risiko.
- Die wanbegrip van die "status" daaraan verbonde om 'n eie stoethings aan te koop, lei tot haastige aankope (dekkings is by top hingste in die genootskap beskikbaar). Ek beveel aan dat iemand wat graag 'n hings wil koop, eers hingskeurings gaan bywoon om sodoende 'n geheelbeeld te vorm van die diversiteit wat wel in die ras bestaan en beskikbaar is. Om met die besluitnemingsproses te help van WAT en HOE om te teel, beveel ek aan dat almal hulle vergewis van die CD wat saamgestel is deur Johannes Langenhoven (Langsig Stoet) en dat dit ook saam met die kalender as aansluitingspakket aan nuwe lede voorsien word. Verder stel ek ook voor dat die projek uitgebrei word om meer omvattende inligting te verskaf.

Vanaf Julie 2011 tot einde Junie 2012 het die volgende nuwe lede aangesluit:

Nuwe soeterye gerregistreer:

- Buka Stoet (Jimmy Fourie), Eloff
- Pionier Stoet (Michele du Plessis), Centurion
- Cathkin Stoet (J.C.P. Rossouw), Winterton
- Bittereinder Stoet (Jaco van Dyk), Riversdal
- Zandeo Stoet (M.P. Badenhorst), Zwavelpoort
- Bontello Stoet (Frik Roux), Die Heuwel
- Shiloh Boland Stoet (Dirk Malan), Villiersdorp
- Sarina Stoet (Rina van der Westhuizen), Randfontein
- Henka Stoet (Hennie Ferreira), Volksrust
- Bella Vista Stoet (Gerhard le Roux), Cullinan
- Aurora Stoet (Lourens le Grange), Windhoek
- Namib Stoet (Kobus du Toit), Sunnyside
- Double B Ranch Stoet (Barend Dorfling), Rayton
- Botma Stoet (Jaco Botma), Viljoenskroon
- Flink Stoet (Hester Roux), Hartbeespoort
- Nikka Stoet (Nicolene Scholtz).

Nuwe lede

- R.B. Watson (Rosheen), Valhalla
- T. Wheeler (Thomas), Middelburg
- C.E. Kritzinger (Tharina), Eloff
- E.V. Krull (Elvin), Oos-London
- G. Janse van Rensburg (Gerhard), Bethlehem

Daar was 21 (merendeels onaktiewe) lede telers wat bedank het.

Teleurstellings

Gedurende die jaar het ek probeer om vir die lede 'n kanaal te skep waar hulle hulle griewe kon lug deur my te kontak indien daar probleme sou opduik. Ek sou dit dan namens hulle aan die raad voorlê. Sekere lede het dit nie gebruik nie, maar eerder verkies om die raad d.m.v. openbare media soos facebook in 'n slegte lig te stel met valse en ongegronde stellings, sonder behoorlike agtergrond, navrae of inligting. Dit is onaanvaarbaar en enige lid, oud of nuut, wat hulleself skuldig maak aan sulke gedrag behoort aangespreek te word.

KOMMUNIKASIE

Kommunikasie het grootliks plaasgevind d.m.v. die nuusbrieff waarvan een aan die einde van elke kwartaal uitgebring is. Die doel van die nuusbrieff was uiteraard om lede in te lig oor belangrike gebeurtenisse in die genootskap, raadsbesluite, asook somer brokkies handige inligting. Met die opknapping van die nuwe webblad, blyk die nuusbrieff egter 'n herhaling van inligting wat reeds op die webblad beskikbaar is, te wees. Daarom sal ons moet herbesin oor die voortbestaan daarvan op 'n kontinue basis deur die loop van die jaar. Die nuusbrieff is ook op die webblad geplaas. So was daar dan ook 'n 3de Nuusbrieff wat beplan vir September ter voorbereiding van die Nasionale Skou (Parys), maar al die inligting was weereens reeds beskikbaar op die webblad.

As deel van die kommunikasie portefeulje, was daar ook talle navrae oor die aankoop en verkope van perde. In sulke gevalle het ons probeer vasstel na watter tipe perde gesoek was, en dan die persone in kontak gebring met verskeie telers wat sulke perde beskikbaar gehad het. Die webblad maak egter ook nou ruim voorsiening vir die advertensie van perde wat te koop is.

Dit was vir my 'n voorreg om vanaf September 2011 tot 2012 die portefeulje: Nuwe Lede, Kommunikasie & Skakeling op die raad te vul.

Piet Grové

Sel: 083 301 1633

E-pos: pietgrove@mweb.co.za